

## 31 Desember - ZEUS

**Skrifgedeelte: Handeling 14:8-19**

**Fokusgedeelte: Handeling 14:12**

**P**aulus en Barnabas is besig om die evangelie aan die heidene te verkondig. In die dorpie Listra vind hulle geen sinagoge waar hulle die Woord kan verkondig nie.

Buite die dorp vind hulle egter 'n tempel van Zeus. Zeus was die hoogste god van die Grieke. Die Romeine het hom *Jupiter* genoem. Hy is beskou as die vader van die gode; die god van die hemelruim, wat die weer en die seisoene beheer.

Daar, onder die blote hemel, verkondig Paulus aan die heidene die blye boodskap van die evangelie. Van al die kante af kom nuuskieriges nader. Selfs siek mense word nader gedra om te luister na wat Paulus sê. Onder die siekes is daar 'n man wat lam is. Van sy geboorte af was hy nooit in staat om te loop nie. Hy luister aandagtig na Paulus. Wanneer Paulus die man se geloof sien, roep hy met 'n groot stem: "*Staan op jou voete!*" Skielik word die stilte voelbaar. Die verlamde man spring op en loop! Dit was 'n wonderwerk. Nee, dit was God se werk!

Die mense van Listra is aangegryp deur die wonderwerk. Dan skree hulle: "Dit is nie mense nie! Dit is gode!" Zeus en Hermes. Hulle het toe vir Barnabas *Zeus* genoem en vir Paulus *Hermes*. Toe Paulus en Barnabas agterkom wat gebeur het, het die apostels hulle klere geskeur en die mense aangespreek en gesê: Ons is net mense soos julle wat die Blye Evangelie verkondig.

Mense word hier verheerlik asof hulle gode is. Dikwels gebeur dit vandag nog. Wanneer iemand iets gedoen het wat almal help, word so 'n mens maklik verheerlik asof hy of sy 'n god is. Dit mag nooit gebeur nie, want 'n mens is maar net 'n instrument in die hand van God wat sy wil doen.

Daarom lees ons ook in Psalm 146:2 (berym): "*Moet op prinse nie vertrou nie.*" Hulle is net so sterflik soos ek en jy. Christus is ons enigste Koning.

*Psalm 146:2 (1936-beryming)*

*Ds PJ van der Walt (Ladybrand-Tweespruit)*